Jubelbeker

Die Jubelbeker dag is ‘n gholfdag waartydens die NG Kerk Swartland Noord en die NG Kerk Swartland Moedergemeente teen mekaar kompeteer om die gesogte Jubelbeker. Dit is ‘n dag waartydens die 2 gemeentes almal wat kan, of probeer, gholf speel, oproep om vanuit die loopgrawe tot die “heilige oorlog” toe te tree.

Agtergrond:

‘n Lidmaat het in 2006 oortuig geraak dat die 2 NG Gemeentes, deur die beoefening van elke lidmaat se eie onderskeie talente, mekaar op sosiale gebied nog beter sal vind en dat die uitkoms van ‘n groter gesamentlike getuienis as kerk van Christus die lig sal sien. Die lidmaat het ‘n gholfdag moontlik gemaak deur die onkostes te borg en sodoende aan vele gemeentelede die geleentheid gegee om deel te neem. Die groter droom is om ander sportsoorte en ‘n kultuuraand daarmee te kombineer sodat die deelname kan verhoog en so veel as moontlik mense in ‘n Jubelfees te laat deel.

Deelname:

Die “heilige oorlog” het in 2006 begin, en het sedertdien nog elke jaar, tot in 2011, kon plaasvind. Om een of ander rede kon net een van die 2 gemeentes nog nie een keer daarin slaag om die Jubelbeker met sjampanje te vul nie! 2012 word toe die Jubeljaar van Swartland Moedergemeente. Die uitkoms het gebeur!!!

In die verlede het daar tussen 18 en 24 spanne uit beide gemeentes deelgeneem en is die aand met ‘n heerlike ete en saamkuier afgesluit. Die ete en saamkuier is nie net beperk tot die deelnemers nie, maar ook hulle familie en enige ander gemeentelede wat in die geleentheid wil deel. Die uitnodiging tot deelname is oop en word by die kerkkantore ingeskryf op ‘n basis van “eerste daar word eerste gehelp”

Fasiliteite:

Die sportdag het in die verlede by Malmebury Gholfklub plaasgevind. In die verlede was daar altyd goeie samewerking tussen die gemeentes en die Gholfklub en was die fasiliteite van so aard dat die dag baie sinvol daar aangebied kon word.

Gemeenskapsbetrokkenheid:

Aangesien die dag daarom gaan om tot eer van Sy naam deel te neem en dankie te se vir die talente wat ons elkeen ontvang het, is daar besluit dat die wenners nie vereer sal word nie, maar dat ons eerder die dag sal opdra aan die persone wat minder bevoorreg is. Elke jaar word daar 2 instansies genomineer aan wie die opbrengs van die dag geskenk word.

Uitnodiging:

Ons nooi elkeen uit om jaarliks die kalender dop te hou en in te skryf vir ‘n onvergeetlike dag van saamwees! Onthou, “when you snooze, you loose”!

Ons visie vir die dag is: “Alles tot God se eer en die uitbreiding van Sy Koninkryk”

George Prinsloo

Namens die Jubelbekerkomitee.